

Hoofstuk van die dag: Josua 14

“Van die tyd af dat die Here dit vir Moses gesê het toe Israel deur die woestyn getrek het, het die Here my in die lewe laat bly soos Hy beloof het, vyf en veertig jaar lank. Ek is nou ’n man van vyf en tagtig …” (vers 11)

Die agtergrond vir Kaleb se versoek kan jy in Num. 14 lees, asook die belofte waarna hy verwys (Num 14:24).

Kaleb was 40 jaar oud toe hy dié belofte van die Here ontvang het. Hy moes 45 jaar lank daarvoor wag. Baie sal na só ’n lang tyd begin twyfel aan die belofte, of dit vergeet. Ander sal ledig wag dat dit waar word. Klaarblyklik val Kaleb nie in een van dié kategorieë nie. Die belofte was op 85 nog net so helder in sy geheue, en hy glo steeds dat die Here dit sal waar maak, en boonop dat hy in staat sal wees om oorlog te gaan maak om sy aandeel te kry. Hy soek nie ’n maklike antwoord nie. Hy kies een van die versterkte stede in die bergwêreld.

God se beloftes staan vas, en dit sal sekerlik uitkom, selfs al moet jy lank wag. Daarom kan jy met hoop leef!

Naskrif: Hierdie is die laaste “Lees die Bybel saam met my” wat ek aan almal op my verspreidingslys stuur. Van môre af sal net dié wat daarvoor ingeteken het, dit ontvang.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026